Dierekennis (b)

Graad 4

A DOEL

Om die Penkop en Drawwertjie:

1. Bewus te maak van die wonderlike verskeidenheid van diere in ons land.
2. Deur die kennis ‘n liefde en waardering vir diere te kweek.
3. Die grootsheid van God se Skepping te laat besef.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet ‘n studie van **TWEE** uit die **vier** groepe maak.

Soogdiere

1. Minstens ses Suider-Afrikaanse soogdiere uitken.
2. Beskryf twee van hulle onder die volgende opskrifte:
   - horings en ore
   - kleur
   - grootte, bou en vorm
   - hoewe of pote
   - verskil tussen ram en ooi of bul en koei, manlik en vroulik (geslagte)
3. Die natuurlike habitat van minstens vier soogdiere identifiseer.
4. Weet tot watter mate ouersorg by soogdiere voorkom.
5. Weet wat of wie die natuurlike vyande van die dier is.
6. Weet van twee soogdiere wat op die gevaarlys van uitwissing voorkom en waarom.
7. Weet van ten minste twee soogdiere wat reeds uitgesterf het en waarom.

Reptiele

1. Kennis maak met ses verskillende reptielsoorte.
2. ‘n Studie maak van drie soorte wat betref hulle:
   - bou (voorkoms)
   - spesifieke kenmerke
   - eetgewoontes en kossoorte
   - vyande
   - habitat
3. Weet waar ses soorte reptiele se natuurlike habitat is.
4. Weet watter gevaar reptiele vir die mens inhou.
5. Bewus wees van die voordele wat reptiele vir die mens inhou.
6. Weet watter Suid-Afrikaanse reptiele op die gevaarlys van uitwissing is en waarom.
7. Weet hoe 'n reptiel van ander diere verskil.
8. Stamboom van reptiele

Voëls

1. Ses voëls volgens hulle eetgewoontes klassifiseer.
2. Kennis dra van die verskillende bekvorms en hoe dit die eetgewoontes bepaal.
3. Minstens drie voëlgeluide uitken.
4. Die natuurlike habitat van vyf inheemse voëls ken.

5. Deelneem aan 'n voëlkyksessie van minstens 'n uur en verslag daaroor lewer.
6. Weet hoe 'n voël gebou is sodat hy kan vlieg.
7. Die verskil uitwys tussen 'n roofvoël en 'n watervoël.
8. Weet watter Suid-Afrikaanse voëls op die gevaarlys van uitwissing is en waarom.

Insekte

1. Weet wat is die verskil tussen insekte en spinnekoppe.
2. Ses insekte uitken.
3. Weet waar is die natuurlike habitat van vyf soorte insekte.
4. Bestudeer die leefwyse van drie soorte ten opsigte van huisvesting, kos, vyande en kleintjies.
5. Weet hoe vyf soorte insekte hulself verdedig.
6. Vasstel wat is die grootste insek op aarde.
7. Die natuurlike habitat van vyf insekte ken.
8. Weet watter insekte is vir die mens nadelig of gevaarlik.
9. Weet watter Suid-Afrikaanse insek op die gevaarlys van uitwissing is en waarom.

C AANBIEDING

1. Twee van die afdelings moet deeglik behandel word om die kenteken te verwerf.
2. Omdat inligting redelik maklik bekombaar is, kan sekere opdragte in verband met die vereistes aan verskillende kinders gegee word om op ‘n bepaalde datum met die res van die span te deel. Die aanbieder kan dan net die leemtes vul en regstellings doen.
3. ‘n Besoek aan ‘n dieretuin of museum kan gebruik word om die inligting oor te dra.
4. ‘n Besoek aan ‘n wildtuin of wildplaas sal waardevol wees.
5. Omdat baie inligting oorgedra word, sal dit goed wees om van ‘n aantekeningboek, plakboek of werksblaaie gebruik te maak sodat dit later as verwysingsbron beskikbaar is.